

Sing vooraf staande: Skrifberyming 3-1:2, 3 (51:2, 3)

- 2 Die juk wat swaar op ons gedruk het, / het U met wondermag verbreek.
Die vyande wat ons verskrik het, / verdwyn wanneer u almag spreek:
'n Kind is vir u volk gebore, / 'n Seun het U aan ons gegee –
Die heerskappy is op sy skouer, / met mag en eer is Hy bekleed.
- 3 Hy's Wonderbaar, 'n Eew'ge Vader; / Hy's Raadsman; Hy is Sterke God;
en Hy vermeerder in genade / sy heerskappy as Vredevoers.
Hy kom met vrede sonder einde, / versterk dit deur geregtigheid –
met ywer sal Hy dit bevestig / van nou af tot in ewigheid.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 66:1, 7 (p. 320)

- 1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.
- 7 Kom luister toe, o Godgesinde! / Kom, almal wat die Here vrees!
Ek sal vertel aan al sy vrinde / wat Hy gedoen het aan my gees.
Ek het geroep, God het geluister / toe alles nag was om my heen;
en voor die lig skyn deur die duister, / was God my lof, net Hy alleen.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Skrifberyming 9-4:4, 5 (21:4, 5)

- 4 Lankmoedig is die liefde in pyn / en vriend'lik waar sy ook verskyn.
Afgunstig is die liefde nooit, / of opgeblase of hoog van spraak;
niks wat hier onwelvoeglik maak, / kleef aan die daad van liefde ooit.
- 5 Sy soek haar eie voordeel nooit, / niks maak haar hart verbitterd ooit,
en sy vergeld geen kwaad met kwaad. / Geen ongeregtigheid wil sy,
maar net die waarheid maak haar bly – / die waarheidsklank van woord en daad.

Gebed

Psalm 128:1, 2 (p. 627)

- 1 Wie deur Gods vrees bewoë, / trou op die weg wil gaan,
waar hom Gods wil voor oë / en klaar getekend staan
die arbeid van sy hande / sal hy met vreug geniet
wanneer die koringlande / met seen hul oprings bied.
- 2 Soos ons met welgevalle / die wingerdstok aanskou,
en tel die trossetalle / wat ons die blare ontvou
so sal sy in jou lewe, / die huisvrou van jou jeug,
aan jou die volheid gewee / van huiselike vreug.

Skriflesing: Rut 4

Kernverse: Rut 4:14-15

**Toe sê die vrou vir Naómi: Geloofd sy die HERE wat aan jou vandag 'n lossier nie
laat ontbreek het nie! En mag sy naam in Israel geroem word! Hy sal vir jou een
wees wat jou siel verkwik en jou grysheid versorg; want jou skoondogter wat jou**

liefhet, het hom gebaar, sy wat vir jou meer werd is as sewe seuns. (Rut 4:14-15 AFR 1953)

Tema: God het vir ons 'n Losser gegee

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, aan die einde van hoofstuk drie van Rut het die Heilige Gees ons met 'n groot verwagting gelos. Dit is dieselfde verwagting wat Naomi ook in haar hart gehad het. Boas, die vermoënde familielid van Elimeleg, is immers een van die lossers wat vir Naomi en Rut groot beloftes ingehou het. Dit was veral in hierdie stadium dat Naomi-hulle regtig 'n losser nodig gehad het, want al die oeste is nou ingesamel, so lees ons aan die einde van Rut 2. As iemand nie nou tot hulle hulp gaan kom nie, gaan dit vir hierdie twee weduwees bitter moeilik word.

Maar dit gaan nie net oor hulle behoud in die vorm van lewensonderhoud nie. Die feit dat Rut nog kan trou en kinders in die wêreld kan bring, maak die moontlikheid oop dat Boas ook as losser met haar kan trou. En dit is die verwagting wat daar in Naomi se hart geleef het. Sy wil baie graag hê dat Boas met Rut sal trou. Rut se eie gevoelens word nêrens vir ons vertel nie, maar ons kan aanneem dat Rut ook hierdie verlange in haar hart het. Sy ken vir Boas nou al etlike maande en hy het nogal uit sy pad gegaan om vir haar en Naomi te sorg.

Broers, susters en kinders, afgesien daarvan dat ons die verhaal van Rut baie goed ken, kan ons maar erken dat ons ook graag wil hê dat Boas en Rut met mekaar sal trou. Maar nou is daar egter iemand anders wat Boas wetlik verhinder om dadelik met Rut te trou. Boas het in die nag vir Rut by die dorsvloer gesê: **Dit is waar dat ek jou losser is, maar nou is dit ook so dat daar 'n ander losser is wat nader familie is as ek.** Met hierdie opmerking uit Boas se mond het die Heilige Gees die spanning in die verhaal verhoog. Sal Boas dit regkry om met Rut te trou, of sal hierdie onbekende losser Rut as vrou kry? Sal die een wat met Rut trou 'n kind by haar verwek sodat daar 'n nageslag vir Elimeleg kan wees, of sal Elimeleg se naam verdwyn uit die volk Israel uit?

Naomi het seker die vonkel in Boas se oë gesien wanneer hy na Rut gekyk het, daarom het sy, toe Rut van die dorsvloer af teruggekom het, gesê: **Wag maar en kyk wat nou gaan gebeur, my dogter. Die man sal beslis nie vandag rus voordat die saak afgehandel is nie.**

Boas se liefde vir Rut het hom gemotiveer om dadelik op te tree. Ligdag is hy reguit na die stadspoort toe om daar met die ander losser te onderhandel ten aanhore van getuies. Net soos die keer toe Boas en Rut mekaar die eerste keer ontmoet het, sien ons hoe die Here die bewegings van mense hier ook beskik. Toe Boas by die stadspoort kom, het die ander losser juis daar aangekom op pad na sy landerye toe. Binne die raamwerk van wat reg en regverdig is, het Boas die saak aangevoer. Hy roep die ander losser nader en ook tien leiers wat as getuies moet optree.

Daar is twee sake wat met die losser deurgepraat moet word – dit is die stuk grond wat Naomi het en dan is daar ook nog Rut, die weduwee van Maglon. Nou is Rut egter 'n Moabitiese vrou wat die kans op 'n huwelik bemoeilik. Daarom begin Boas nie om eerste oor haar te praat nie. Die bestaan van die stuk grond wat nou te koop aangebied word, kan die moontlike huwelik met Rut vergemaklik. Daarom noem Boas eerste die stuk grond wat te koop is.

Boas is immers iemand wat onder die vleuel van die Here leef, so het ons hom al in Rut 2 leer ken. Daarom tree hy onberispelik op. Hierdie losser wat nader familie as hy is, moet eerste weet van die stuk grond wat te koop aangebied word. Toe hierdie losser van die stuk grond hoor, het hy vinnig gesê dat hy as losser vir Naomi sal optree. As hy nou hierdie stuk grond by sy bestaande landerye kan kry, sal sy inkomste kan vergroot. En om nou kos vir nog een mond te voorsien, sal tog nie soveel van hom verg nie. Buitendien, Naomi is al 'n ou vrou, sy kan tog nie baie eet nie. En dan is die moontlikheid ook daar dat sy in die tussentyd kan sterf en dan is die stuk grond vir altyd syne,

aangesien Naomi geen manlike nageslag het wat op die grond aanspraak kan maak nie. Hierdie stuk grond sal boonop sy eie kinders se erforsie mooi kan aanvul.

Vir ons, wat graag wil hê dat Boas met Rut moet trou, is dit teleurstellend om te hoor dat hierdie lossers bereid is om as lossers vir Naomi op te tree. Naomi sou sekerlik ook teleurgesteld gewees het as sy dit moes gehoor het. Maar Boas is 'n wyse man en hy wil hê dat alles wat rondom Naomi-hulle moet gebeur deursigtig sal wees. Daarom sê hy dit ook duidelik: **wanneer jy die stuk grond van Naomi koop, kry jy terselfdertyd vir Rut die Moabitiese weduwee sodat die grond in die oorledene se familie bly.**

Toe die ander lossers dit hoor, het hy baie vinnig sy somme oorgemaak. Die huwelik met Rut plaas die stuk grond, hoe aanloklik dit ook al is, in 'n totaal ander lig. Indien Rut 'n seun in die wêreld sou bring as hy nou met haar getrou het, beteken dit dat hy nie aanspraak op die grond sal kan behou nie. Die grond moet in die familie van Elimeleg bly omdat grond nie permanent verkoop mag word nie (Lev 25:23). En as die seun wat Rut in die wêreld kan bring boonop nog die oudste van al sy kinders gaan wees, beteken dit dat sy eie kinders se erforsie soveel kleiner gaan wees.

Nadat hierdie ander lossers al die opsies teen mekaar opgeweeg het, het hy sy reg om as lossers op te tree dadelik laat vaar. En hy het daarvoor die getuies gesê dat Boas maar die stuk grond kan koop, en hy het sy skoen uitgetrek as bevestiging dat hy die lossingsreg aan Boas oorgedra het.

Geliefdes, uit Boas se optrede leer ons nog 'n karaktertrek van iemand wat onder die vleuel van die Here lewe. So 'n mens is nie daarop uit om iemand anders te verneder nie, al verdien die persoon om verneder te word. Na regte moes Rut eintlik hierdie lossers se skoen uitgetrek het en hom in die gesig gespoeg het en vir hom sê: **So sal dit gaan met die man wat nie vir sy broer 'n huis, 'n nageslag, wil bou nie.** En dan voeg die Heilige Gees ook nog hierdie kommentaar by: **Dan moet die man en sy huis onder die Israeliete bekend wees as Huis van die uitgetrekte Skoen** (Deut 25:9-10 AFR1983). In plaas van om die man te verneder laat Boas hom rustig voortgaan om sy lossingsreg af te staan.

Hierdie man wat die eintlike lossers was, herinner 'n mens nogal baie aan Esau se optrede lank gelede – Esau wat ook nie deel van die verbond wou bly nie. Vir hom het dit ook net gegaan oor die hier en nou en watter voordele hy uit 'n situasie kon kry. Aan dit wat reg is in die oë van die Here dink hy nie en as dit te veel van hom gaan vra, is hy nie skaam om terug te deins nie. Mag die Here ons deur sy Gees daarvan bewaar om nie ons eie voordele te kies bo dit wat reg is in die oë van die Here nie. As die Here van my en jou verwag om dienskneg vir ander mense te wees, sal dit beteken dat ons iets van onself moet prysgee. Mag die Heilige Gees ons gewillig maak om diensknegte vir ander mense te wees en so die liefde van Christus te vertoon. Hierdie ander lossers se naam word nie een keer genoem nie. Het die Heilige Gees sy naam nie verswyg omdat hy ook nie deel van die verbond wou bly nie? 'n Mens wonder maar net.

Broers, susters en kinders, die optrede van Boas om uiteindelik met Rut te kan trou, spreek nie net van sy liefde vir haar nie, maar spreek in besonder van die opofferende liefde van iemand wat regtig as lossers wil optree. Hier het ons 'n voorbeeld van egte toewyding, liefde en persoonlike opoffering. Boas se opofferende liefde vir Rut het bevestig dat sy tot die volk van God behoort. Boas het prakties uitgeleef wat hy geglo het waar is van God se werk. God ontferm Hom oor mense en Hy maak hulle deel van sy volk. Dit is ons almal wat aan die Here behoort se roeping vandag nog. Ons staan in diens van die Here om ander mense ook nader te roep sodat hulle ook kan beleef hoe goed ons God is en hoe heerlik die verlossing is wat God in Christus skenk.

Vir Boas het dit nie in die eerste plek gegaan oor die stuk grond nie maar oor Rut. En daar ten aanhoore van die getuies sowel as almal wat nog daar in die stadspoort is het hy met groot vreugde gesê: **Julle is vandag getuies dat ek ... ook die Moabitiese vrou Rut, die weduwee van Maglon,**

vir my as vrou gekry het. So sal die grond in die oorledene se familie bly en sy nagedagtenis nie vergeet word in die volkslewe nie. Die huweliksvreugde begin al hier sonder dat Rut teenwoordig is.

Deesdae is daar al meer en meer die gedagte dat trou maar 'n private aangeleentheid is en dat die gemeenskap niks daarmee te doen het nie. Maar dit is waar ons die fout maak. Wanneer die Here in Genesis 2 sê: **Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat, sy vrou aankleef en hulle sal een vlees wees**, word dit duidelik dat trou wel 'n private maar ook 'n gemeenskapsaangeleentheid is. Juis deurdát die man sy vader en moeder verlaat, maak die paartjie dit aan die gemeenskap openbaar dat 'n huwelik gevorm gaan word. En die gemeenskap gee hulle goedkeuring daarmee en hulle deel in die vreugde omdat daar 'n nuwe gesin in die volk van die Here gevorm gaan word.

Iemand het opgemerk:

Troues is nie maar net die gemeenskap se manier om jongmense binne die grense van die tradisie of gewoonte te hou nie. Troues is die gemeenskap se manier om 'n nuwe onderneming van liefde met vreugde in hulle midde te ontvang. (Lewis Smedes).

Toe die leiers in die stadspoort Boas se onderneming om met Rut te trou gehoor het, het hulle vir Rut en Boas die seën van die Here toegebied. **Mag die HERE die vrou wat nou in jou huis inkom, soos Ragel en Lea maak wat saam gebou het aan die volk Israel.** Min het die leiers geweet hoe waar hulle woorde sou word.

Die Here het werklik vir Boas en Rut bymekaar gebring en hulle in die huwelik bevestig. En Hy het hulle geseën sodat Rut sommer gou swanger geword het en 'n seun in die wêreld gebring het. Onder die seënende hand van die Here het daar 'n totale ommekeer in Naomi en Rut se lewens gebeur. Waar hulle verhaal in desperate leegheid begin het, het die Here dit nou volgemaak. Ons hoor dit in die vrouens by Naomi se woorde: **Aan die HERE kom die lof toe omdat Hy vandag vir jou 'n lossier gegee het.** Die Here het Naomi se noodkreet beantwoord. Haar lewe op aarde het, menslik gesproke, grootliks van hierdie seunskind afgehang. Nou het die Here in 'n nageslag voorsien en ook iemand op wie se skouers die verantwoordelikheid sou rus om sy ouma op haar oudag te versorg. Die vrouens het verder gesê: **en mag sy naam in Israel geroem word! Hy sal een wees wat jou siel verkwik en jou grysheid versorg.** Min het hulle geweet hoe waar die Here hierdie woorde van hulle sou maak – nie net vir Naomi nie.

Rut se liefde vir haar skoonma het nie verflou toe sy met Boas getroud is nie. Inteendeel, haar liefde vir Naomi word nog 'n laaste keer bevestig. Rut het haar eerstelingseun aan Naomi gegee om aan te neem. Rut het 'n laaste groot geskenk aan Naomi gegee – haar eie seun wat Naomi as haar eie kon grootmaak. Deur die werking van die Heilige Gees het die eienskap van God se liefde in sy dogter Rut deurgeslaan. Rut het haar eie seun gegee vir iemand vir wie sy lief is.

En die vrouens het aan die seuntjie die naam Obed gegee. *Obed* beteken *dienskneg*. Hy sal 'n dienskneg wees vir sy ouma en deur die genade van die Here 'n dienskneg vir sy oupa Elimeleg sodat sy oupa se nagedagtenis nie in die volkslewe vergeet word nie. Maar hy is ook deur die Here 'n dienskneg vir baie meer. Obed was die voorvader van Dawid.

Met hierdie laaste woorde laat die Here sy lig op die verhaal van die twee weduwees val sodat ons kan sien watter groot betekenis die Here aan hulle gee. Hulle verhaal is Israel se verhaal. Dit is die verhaal van Israel se koning. En uiteindelik is dit ook my en jou verhaal, want deur hulle het die Here vir ons ons Koning en Lossier gegee.

Obed was net tot 'n sekere mate 'n lossier vir Naomi. Hy het wel sy ouma versorg om haar aardse nood te verlig. Hy kon egter nog nie die vloek van die sonde wat op Naomi en elke ander mens gerus het wegneem nie. Obed kon net gedeeltelik Naomi se siel verkwik. Nie eers Dawid, die man

na God se hart, kon mense se siele volledig verkwik nie. Dawid was ook maar net 'n sondeur. Daarom, wanneer Naomi vir Obed op haar skoot neem, laat die Heilige Gees ons 'n ander vrou raaksien – Maria, met Jesus op haar skoot, die Losser en Dienskneg van God se hele volk. God het werklik sy eie Seun gegee vir mense wat Hy by uitnemendheid liefhet, om ons te verlos, nie net van aardse moeilikhede nie, maar van ons ewige moeilikheid – die sonde en die ewige dood.

Obed, die dienskneg van Naomi, was maar nog net die skaduwee van die eintlike Dienskneg en Losser, Jesus Christus. Dit is Hy wat ons van ons slawerny aan die Satan en die sonde verlos sodat ons ook diensknegte vir ander mense in sy diens kan wees.

Deur die liefde en die genade van die Here ons God het Rut se nageslag vir ons 'n blywende verlossing gebring. Jesus Christus het vir ons 'n erfenis kom verseker – 'n nuwe lewe op die nuwe aarde. Kom ons verheug ons hieroor in die geboorte van ons Losser, die Here Jesus Christus, die Nakomeling van Boas en Rut.

Amen!

Slotgebed

Psalm 128:3, 4 (p. 627) **In vers 4: sing: ons i.p.v. jy en jou**

- 3 Soos jong olyfboomplante, / wat uitspruit sterk en fris,
so bloei aan alle kante / jou kinders om jou dis.
O wie van dié getal is, / hy wat die HERE vrees,
vir wie God een en al is – / hy sál geseënd wees.
- 4 Mag ryke seëninge / uit Sion jou bedou;
mag jy dié goeie dinge / van Sionstad aanskou!
mag jy nog, op jou bede, / 'n nakroosseen verkry!
En, God van alle vrede, / mag Isr'els vrede bly!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
11 Desember 2011